Gee Nuwe Lewe Aan Jou Koperware.

AANGESIEN die Vrystaat deesdae so lekker papnat is, is die koperware in baie huise seker nie op hulle beste nie en moet weer lewe gegee word. Hier is 'n kitsresep om vaal en aangeslane koperware weer lewe te gee.

Resep vir die skoonmaak van koperware:
* 1 teelepel wynsteensuur
* 1 teelepel vloeibare seep (die sonskyn soort wat ons almal ken)
* 1 liter louwarm water.

Metode:
Meng nou die bestanddele en doop die koperware in die oplossing.
Gebruik 'n tandeborsel om die aangeslane plekkies goed by te kom.
Verwyder uit die oplossing en vryf met 'n sagte lap blink.

Nota:
Dra beskermende handskoene, want die oplossing het nie juis respek vir 'n mens se vel nie.
Dis sommer tjop-tjop en jy sal jou koperware nie ken nie.